SO 27 OKT 2019

# JESUS MULTICHOICE OF JESUS ONS ALLES ?

**Kol 2:6-19 Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, (7) in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul. (8) Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie. (9) In Hom is die volle wese van God beliggaam, (10) en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag. (11) Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. (12) Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. (13) Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. (14) Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. (15) Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer. (16) Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. (17) Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus. (18) Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink, (19) en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei.**

**Jesus-Multichoice of Jesus alles vir ons**

vs 8 **Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie.**

**Twee redes:**

**1 ONS LEEF IN 'N NABY-VERHOUDING MET JESUS (VS 6)**

**2 ONS HET DIE VOLHEID IN JESUS (VSS 9-)**
2.1 *Christus-besnydenis* (vs 11)
2.2 Saam met *Christus opgewek* (vs 12,13)
2.3 Aan *Christus-kruis is skuldbrief* teen ons vernietig (vs 14)
2.4 Deel in *Christus-triomftog* (vs 15)

Slot en samevatting: vss 16-19




**SAAM-PRAAT-VRAE:** 1) Gesels oor die stelling: *talle mense het 'n kies-en-keur-Jesus (multichoice-Jesus)*

2) Wat sluit 'n naby-verhouding met Jesus in volgens vs 6?

3) Watter van die aspekte van die "volheid in Jesus" wat ons het, beteken vir jou die meeste?